SUNRIDGE VANDAG
SUNRIDGE TODAY
CONJUNCTI CRESCIMUS

20 May / Mei 2021

Dear Parents

**Snap News**

Needless to say we are disappointed about the cancellation of sport - we were just getting into the rhythm and our children were enjoying the exercise. On the other hand, we must respect and comply and also understand why the decision was taken.

The pity is, the different ways this message was communicated. The first media release sent to us clearly concluded **"In this regard, all sporting activities have been suspended with immediate effect..."** while hours later a new media release stated: **"In this regard, all close-contact sporting activities have been suspended with immediate effect..."**

All "stakeholders" then released their versions and opinions, while schools and Principals were never consulted. Parents immediately notified us of their children's choice to move to non-contact sports. It is not that easy to change an extra mural time table while complying with regulations. We also await the publishing of these new regulations to assist us in compiling a new time table in compliance. We therefore stand with our decision to temporarily stop all sporting activities until further notice.

We are also very excited to note that a change in regulations might also include the possible full return for primary schools. As we eagerly wait for this to be published we are carefully looking at the possibility and practical implications, should this be true. Please note that a sudden announcement with a date to it is not practical nor implementable. We would face extreme challenges due to our physical class sizes, number of learners and available resources such as desks, tables and chairs to comply with regulations.

We are committed to finding a solution and our team is working non-stop to find ways to overcome these challenges should the regulations change. This will not be an overnight change as we need to ensure it is reachable.

With only two weeks to our test series (exams) and assessment period we believe that, in the best interest of our learners, this is where our focus must lie. The midterm academic achievements are very important as we cover the first six months of the curriculum comprehensively. The success thereof is of utmost importance and we therefore need to create a positive environment.

We await the new regulations (if any) and will communicate to you in due time on how we will manage and implement it. In the mean time we will keep the status quo and kindly request learners and parents to honour the measures put into place to prevent a possible catastrophic incline of infections. **

All physical contact and activities putting any person at risk should be avoided in support of this initiative. Please work with us to keep our school open and functioning. We are currently on track to complete 2021 successfully. Time is our friend and with healthy and safe children we can overcome challenges.

**"Separate reeds are weak and easily broken, but bound together are strong and hard to part." - Unkown**

**Sunshine greetings**
**M DE VRIES**
**Principal**

MasterCard VISA Follow us on facebook

Geagte Ouers

**Kitsnuus**

Ons is beslis hartseer oor die kansellering van sport, want ons het nou net ons ritme gevind en die kinders het die oefening so baie geniet. Terselfdertyd moet ons die besluit respekteer en eerbiedig, want ons het begrip daarvoor.

Dit is ongelukkig jammer dat die boodskap op verskillende maniere oorgedra is. Die eerste mediaverklaring wat gestuur is, sluit duidelik af met **"In hierdie verband word alle sportaktiwiteite onmiddellik opgeskort….."**, terwyl nog 'n mediaverklaring 'n paar uur later gemeld het **"In hierdie verband word alle nabye kontak-sportaktiwiteite onmiddellik opgeskort….."**

Dan lug al die "belanghebbendes" hul opinie en weergawe, terwyl skole en Skoolhoofde nooit geraadpleeg is nie. Ouers het ons onmiddellik verwittig dat hul kinders kies om na nie-kontaksport te skuif, maar dit is nie so maklik om 'n buitemuurse rooster te verander terwyl die regulasies steeds eerbiedig word nie. Ons wag op die publikasie van hierdie nuwe regulasies om ons te help om 'n nuwe rooster op te stel wat aan die regulasies voldoen. Ons hou dus by ons besluit om alle sportaktiwiteite tot verdere kennisgewing op te skort.

Ons is ook geweldig opgewonde oor die feit dat 'n verandering in regulasies 'n volle terugkeer vir laerskole mag beteken. Terwyl ons reikhalsend hierna uitsien, oorweeg ons ook die praktiese implikasies en gevolge indien dit waar is. Neem asseblief kennis dat 'n onverwagse aankondiging met 'n datum nie prakties of uitvoerbaar sal wees nie - dit word gesê in die lig van ons enorme uitdagings m.b.t. fisiese klasgroottes, aantal leerlinge en beskikbare bronne, soos lessenaars, tafels en stoele om aan regulasies te voldoen.

Ons is egter daartoe verbind om 'n oplossing te vind en ons span werk volstoom aan maniere om die struikelblokke die hoof te bied indien die regulasies verander. Dit sal egter nie 'n oornagse verandering wees nie, want ons sal moet verseker dat dit uitvoerbaar is.

Met net twee weke voor ons toetsreeks (eksamen) en assesseringstydperk, glo ons dit is in die beste belang van ons leerlinge om liewer daarop te fokus. Die midjaar akademiese prestasies is uiters belangrik, want ons dek die leerplan vir die eerste ses maande volledig. Sukses is van kardinale belang en daarom moet ons 'n positiewe omgewing skep.

Ons sal wag vir die nuwe regulasies (indien enige) en sal te geleëner tyd in hierdie verband met u kommunikeer. Intussen behou ons die status quo en versoek leerlinge en ouers asseblief om die maatreëls te eerbiedig sodat ons 'n moontlik katastrofiese toename in positiewe gevalle kan voorkom.

Alle fisiese kontak en aktiwiteite wat enigiemand in gevaar plaas, moet vermy word. Werk asseblief met ons saam om ons skool oop en funksioneel te hou, want ons is tans goed op pad om 2021 suksesvol te voltooi. Tyd is aan ons kant en met gesonde en veilige kinders kan ons alle uitdagings die hoof bied.

**"Separate reeds are weak and easily broken, but bound together are strong and hard to part." - Unkown**

Sonskyngroete
M DE VRIES
Skoolhoof

RABIE TRUST
A – Z, QUALITY OF THE HIGHEST DEGREE.
Douw Wessels | 084 800 0773
RAMBLE
TAVCOR
SUZUKI